# SAWA - Klein Karoo

# Dibiki 2010 Saamtrek

Julie 2010 het baie skielik aangebreek, die Wêreld Beker sokker is verby en dit het ook op Klein Karoo 'n invloed gehad........, ons het Junie maand ons saamtrek gemis.

Dit is moeilik om te glo dat die eerste helfte van 2010 reeds verby is. Daar word mos nie verniet gesê, dat tyd staan nie stil nie. Dibiki is, sedert ons hier begin kamp het altyd gewild. Ook, na twee jaar word ons potjie kos kompetisie weer tydens hierdie saamtrek aangebied en word daar al vir 'n geruime tyd beplan aan die kompetisie, ook was daar al deur lede by vorige saamtrekke geoefen om te sien of ou resepte nog werk....,



Van vroeg Saterdag oggend is daar begin beplan aan die kompetisie wat voorlê...; Charl sit en kyk deur die fynbos, of daar nie 'n wen resep in is wat hy kan gebruik nie....?

Net die voorskoot is verkeerd, dit is 'n potjiekos kompetisie en nie 'n braai kompetisie nie....!!

Daar was ook weer kinders teenwoordig, was dit nie lekker om weer kinders se gelag, gespeel en opgewondenheid te aanskou en te beleef nie, die oues van dae het sommer weer jonk gevoel...,



Hier speel van die jong manne rugby..,



Hier is 'n opkommende Sawanant besig.....!!!

Klein en groot speel lekker saam....,





Mamma's het ook toesig gehou, of is daar saamgespeel...,

Dan was daar ook ouer....,

jong..es wat gespeel het..., ander het later begin gees gevang...,







Daar was ook oupa's wat loop en spog het...,



Hier is Charmaine besig met ernstiger sake, mens kan mos nie net vleis in die pot wil hê nie....,

Later die dag het die manne en man-ninne ernstig begin met hulle kos makery....,



Van Pieter van Wyk se vriende het ook deelgeneem,

Erika.., besig met ‘n beesstert pot, dit kook mos lank en Vollie is boon-op nog ‘n man wat mos kan....,



Leon keer met alle geweld dat daar nie fotos geneem word nie,  weet nou nie of die pot laat is, of dit ‘n groot geheim behoort te wees nie...,



Brian is nie skaam nie...,



Hier is groot dinge besig om te gebeur....???



Johan en Kobus laat dit aan die vrouens oor, mans het mos iets beters om te doen.., of wat sê ons....!!



Pieter en Magda lyk na ‘n gedugte span…,

so ook Brian en Elize…,




Tannie Siennie sê sy sal ons wys hoe dit gedoen moet word, sy het darem immers die ondervinding…!!!



So moet ‘n pot mos kook, lekker stadig…..,

Daar was soos gewoonlik ‘n nie amptelike beoordeelaar…, hier is hy besig om die reëls aan Pieter te verduidelik…,





Hier is hy aan die werk…, wat hy weet van beoordeling „is Nobody’s business“….!!!

Die beoordeling het met alle erns begin…, Jacques se pot was eerste aan die beurt….,



Mooi skep ou „Jakie“…, die tannie weet wat sy doen…!!!



Ander het ander belangstellings gehad.., as ek so kyk, kan die „Bulle“ se verloor dalk iets met dit te doen hê…!!!



Sonette besig om haarself te help..,



Thinus se kommentaar…, Dit is net die regte ding vir ‘n koue wintersaand…!!!

Min het hulle geweet van die „pot“…,



waaraan hulle so lekker eet..!!!

Na’n baie aangename gekuier om lekker potte, net die regte ding vir koue wintersaande en ‘n goeie nagrus, het die dag stil oor Dibiki gebreek…..!!!!

Daar moes ook gewoonlik opgeruim word na ‘n aand se kuier.., sommige het dit dieselfde aand gedoen, ander het dit vir die volgende oggend gelos.., hier is van die lede besig met die nodige sake...,





Daar is die volgende oggend met groot afwagting uitgesien na die aankondiging van die wenner van die potjiekos kompetisie...,

En die wenner was..., Die “uwe” met ‘n „Marokaanse Lamsboud Tangine“.



Hier word die wissel trofee deur die vorige wenner oorhandig, volgende jaar maak ons weer so.., en dan is dit jou beurt vir die reëlings was die boodskap...!!!!

Ook was die volgende aansporings oorhandig...,

Leon, Anne en Adeon Stander met hul 20ste streek-,






Johann en Shirley Coetzee met hul 40ste streek saamtrekke...,

Die groot toekennings van die naweek het aan Charles en Pam Moore gegaan, vir hul $160^{ste}$ streek-, en $175^{ste}$ algemene saamtrek.

Na al die jare lyk hulle nog sommer baie goed..., dit moet al die Sawa saamtrekke wees wat hulle so jonk hou...!!!



Saamtrek naweke kan nie ‘n sukses wees sonder die reëlings van kampkommandante nie...,



dankie aan oom Pieter vir die senior saamtrek-,

Bonnie en Charmaine vir die res van die naweek se reëlings.., ons het dit soos gewoonlik geniet, al het die „bokke“ verloor...!!!

Ds. Pierre vir die boodskap oor die belangrikheid van ..,
„VERHOUDINGS“

So kom die naweek ook tot sy einde en geniet van die lede nog die tee drinkery en lekker gesels voor daar teruggekeer moet word...,





Tot weersiens met ons AJV in Augustus....!!!!